## 31 Januarie Josua 6

### *God se oordeel is regverdig*

Sewe dae, met ander woorde in volheid, verkondig God Homself aan Jerigo. Al die aandag word deur die ramshorings gevestig op die verbondsark wat beskou is as die sigbare simbool van die teenwoordigheid van God self. Op die sewende dag trek God selfs in volheid (sewe maal) om die stad. Maar niemand bekeer hulle nie, buiten die klein groepie wat gelowig saamkom in die afgespreekte, gemerkte vertrek. Wanneer die oordeel dan wel op die stad losbars, is daar niemand in die stad wat kan sê dat hy nie geweet het nie. Almal sterf deur hulle eie verharding, terwyl diegene wat die belofte geglo het en op die afgespreekte plek gaan wegkruip het, almal gered word. So is die oordeel oor Jerigo 'n beeld van die oordeel oor die wêreld. Al die mense is in hulle sonde die dood skuldig en verdien om uitgewis te word. Hulle het hulle immers nie bekeer nie alhoewel God gedurig aan hulle verkondig word in die natuur sowel as deur die Evangelie. God se uitverkorenes is egter veilig en word deur die oordeel heen gered omdat hulle wegkruip op die een plek wat deur God aangewys is, naamlik in Jesus Christus.

Sing: Psalm 145:11, 12 Ds. H.B. Hattingh (Amanzimtoti)